3 November **Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 6**
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 1-11

Ons sien mekaar in die hof!

Hoe dikwels hoor mens nie hierdie dreigement in ons samelewing nie! As dit egter Christene is wat mekaar só dreig, lyk dit baie na daardie selfverheffing van die Korintiese gelowiges wat ons tot dusver in elke hoofstuk teëkom…
Daar is ten minste twee redes waarom gelowiges mekaar nié voor die hof moet daag nie. Die eerste is: met Jesus se tweede koms gaan ons in elk geval oor die hele wêreld én die engele oordeel (verse 1-6). Dan is dit mos kleingelowig om ons onderlinge geskille deur wêreldse regters te laat beredder!
Die tweede rede is: om soos ongelowige wêreldlinge op jou regte te staan, is lynreg in stryd met die gees van die evangelie van genade (vers 7,8).
Opgesom: gelowiges wat mekaar hof toe sleep, maak die kruis van Christus ongeloofwaardig vir die wêreld.
Daar word vandag so sterk gefokus op menseregte dat die gevaar bestaan om te verwêrelds: “Jy het my te na gekom, daarom gaan ek jou dagvaar tot jy alles betaal het – ek laat nie op my trap nie!” Pas op met die manier van doen lyk jou gedrag naderhand soos dié wat nié deel sal kry aan die koninkryk van God nie (vers 9,10).
“Waarom ly julle nie liewer onreg nie? Waarom laat julle julle nie liewer te kort doen nie?” (vers 7). Of het julle vergeet dat Jesus Christus julle reeds deur die Regter van hemel en aarde laat vryspreek het? Wat wil jy dan nog met jou siviele saak teen jou mede-Christen bewys?
Sing: Psalm 140-10,11 Ds J Botha (Laeveld)